Meyerspark Bybelstudie – Stap saam deur die Psalms (1)

Psalm 1 – Struktuur en agtergrond

I	A	1a	[1] Gelukkig is die mens wat
		b	nie loop in die raad van goddelose mense nie,
		1c	en nie staan op die pad van sondaars nie
		d	en nie sit in die sitplek van spotters nie;
		2a	[2] maar wat sy vreugde vind in die Tora van die Here,
		b	en oor sy Tora nadink
		c	gedurende die dag en die nag.
	B	3a	[3] Hy sal wees soos 'n boom geplant by strome water
		b	wat sy vrugte gee op sy tyd,
		3c	en waarvan die blare nie verlep nie.
		d	En met alles wat hy doen, is hy suksesvol.
II	B^1	4a	[4] Die goddelose mense is nie so nie,
		b	maar is soos kaf wat die wind uitmekaarwaai.
	A^1	5a	[5] Daarom sal goddeloses nie opstaan in die oordeel
		b	of sondaars in die byeenkoms van regverdiges nie.
III	C	6a	[6] Want die Here ken die pad van die regverdiges,
		b	maar die pad van goddeloses sal doodloop.



1. Strofe A korrespondeer met strofe A^1. Hoe sou jy die aansluitingspunt van dié twee dele beskryf? *Strofe A beskryf die assosiasie van die regverdige met die Tora van die Here, wat hom of haar daarteen beskerm om met goddeloses en sondaars te assosieer. Strofe A^1 verduidelik dat goddeloses en sondaars nie met regverdiges sal kan assosieer nie, of hulleself in die oordeel sal kan handhaaf nie, omdat hulle nie na die Tora geluister het nie.*
2. Strofe B korrespondeer met strofe B^1. Wat is die tema van dié twee dele? *Die regverdige word met 'n vrugbare, lewende groen boom vergelyk en daar word gesê hy is geheel suksesvol (B). In B^1 word die goddeloses met lewelose, nuttelose kaf vergelyk en gesê hy is nie suksesvol nie.*
3. Strofe A^1 is baie korter as strofe A en B^1 is ook korter as B. Het dit enige betekenis vir die boodskap van die psalm? *Die implikasie is dat dit nie nodig is om veel te sê oor die goddelose mense nie.*
4. Watter strofes maak gebruik van die metafoor van die lewe as 'n reis, en watter strofes gebruik 'n vergelyking van die lewe met die natuur? *Die gelowige se lewensreis word in A beskryf, 'n reis wat nie stagneer nie (loop, staan en sit dui stagnasie aan). Strofe C som die twee lewenspaaie op – gelowiges s'n bereik hulle bestemming; maar goddeloses s'n loop dood in die oordeel. Strofe B en B^1 gee dieselfde boodskap, maar deur twee natuurvergelykings.*
5. Strofe C, of stansa III, kan beskryf word as 'n opsomming van die psalm. Tog bring dit 'n nuwe perspektief wat nie vroeër in die psalm genoem is nie. Hoe so? *Vers 1-5 beskryf die optrede van gelowiges en goddeloses en die resultaat daarvan. Vers 6 sê hoe die Here daarby betrokke is – gelowiges wat die Tora bestudeer, se lewenspad word beskerm; goddeloses wat dit nie doen nie, verdwaal op hulle eie.*
6. Lees Deut 6:6-7 en 7:13. Is daar enige verband van dié verse met Ps 1? Help dit ons om die psalm beter te verstaan? *Gelowiges moet die Tora oral en altyd in gedagte hou volgens Deut 6. Dit is presies wat die gelowige van Ps 1 doen.*
7. Lees Josua 1:7-8. Is daar enige verband tussen dié verse en Ps 1? Help dit ons om die psalm beter te verstaan? *Josua kry die opdrag om die Tora bedags en snags te bestudeer sodat hy suksesvol kan wees. Ps 1:2 en 3d is 'n duidelike verwysing daarna. Dit geld vir alle gelowiges.*
8. Lees Esegiël 47:1 en 12. Is daar enige verband tussen dié verse en Ps 1? Hoe help dit ons om die psalm beter te verstaan? *Ja, die rivier wat uit die tempel vloei en lewe gee in die nuwe bedeling, is eintlik die "strome water" waarna Ps 1 verwys. Die strome water wat 'n gelowige se lewe voed, kom uit die teenwoordigheid van God. Volgens Ps 1 is daardie strome water die Tora, maar ook Josua, Esegiël, Jeremia, Spreuke en ander Bybelboeke. Deur na daardie boeke te verwys, sinspeel die skrywer op die "plek" waar die gelowige se boom geplant is.*
9. Som in 'n paar woorde die betekenis van Ps 1 vir jou persoonlik vir vandag en elke dag van jou lewe op: *Voortdurende bestudering van die Here se Woord beskerm die gelowige teen assosiasie met verkeerde mense. Dit maak jou lewe vrugbaar en suksesvol, want die Here bewaar jou op hierdie wyse van die lot van die goddelose wat op 'n ramp afstuur.*